



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2018

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye en 'n 17 bladsy-antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp:	Dit integreer:
Vervaardiging	Bestuursrekeningkunde Produksiekostestaat Gelykbreekanalise Bestuur van hulpbronne Interne beheer

VRAAG 2: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp:	Dit integreer:
BTW en Krediteureversoening	Finansiële rekeningkunde Krediteureversoening BTW-berekeninge Bestuur van hulpbronne Interne beheer

VRAAG 3: 75 punte; 45 minute	
Onderwerp:	Dit integreer:
Finansiële State en Ouditverslag	Finansiële rekeningkunde Begrippe, Inkomstestaat, Balansstaat en Ouditverslag

VRAAG 4: 70 punte; 40 minute	
Onderwerp:	Dit integreer:
Kontantvloeiastaat en Vertolking	Finansiële rekeningkunde Kontantvloeiastaat Vertolking van finansiële inligting

VRAAG 5: 45 punte; 30 minute	
Onderwerp:	Dit integreer:
Voorraadwaardasie en Vaste Bates	Bestuur van hulpbronne Begrippe Voorraadberekeninge Vastebatewaardasie Interne beheer

VRAAG 6: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp:	Dit integreer:
Kontantbegrotings	Bestuursrekeningkunde Kontantbegroting Bestuur van hulpbronne Interne beheer

VRAAG 1: VERVAARDIGING**(40 punte; 25 minute)**

- 1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Oninbare skulde is 'n administrasiekoste.

1.1.2 Indirekte arbeid is 'n fabrieksbokoste.

1.1.3 Huuruitgawe is 'n vaste koste. (3)

1.2 **KRIGE HEMDE**

Die onderneming vervaardig hemde. Die finansiële jaareinde is 31 Julie 2018.

GEVRA:

1.2.1 **Verwys na Inligting C.**

Bereken direkte arbeidskoste. (9)

1.2.2 Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Julie 2018 (12)

INLIGTING:

A.	31 JULIE 2018	1 AUGUSTUS 2017
Goedere-in-bewerking-voorraadsyfer	?	R35 570

B. **Grondstowwe** uitgereik aan fabriek: R528 300

C. **Direkte arbeid:**

Getal fabriekswerkers	4
Gewone tyd verwag per werker per jaar	1 960 ure
Gewone tydtarief	R90 per uur
Bonusse aan werkers: 12% van gewone lone	
LET WEL: Een werker het slegs 1 680 ure gewerk en ontvang 'n verminderde bonus van R12 146.	

D. **Fabrieksbokoste** is bereken op R360 880 vir die jaar. Dit sluit egter versekering van R48 750 wat vir die tydperk 1 Augustus 2017 tot 31 Augustus 2018 betaal is, uit. Versekering moet aan die fabriek, administrasie en verkope in die verhouding 4 : 3 : 2 toegeken word.

E. **Produksie vir die jaar:** 17 500 hemde teen 'n koste van R95 per hemp

1.3 GEMMA VERVAARDIGERS

Hierdie onderneming vervaardig veiligheidshekke. Die finansiële jaareinde is 31 Augustus 2018.

GEVRA:

- 1.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Augustus 2018. (5)
- 1.3.2 Vergelyk en lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en die produksievlak wat oor die afgelope twee jaar bereik is. Haal syfers aan. (6)
- 1.3.3 Gee TWEE redes vir die toename in direkte materiaalkoste. Stel EEN wyse voor om hierdie koste te beheer. (5)

INLIGTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 AUGUSTUS:

A.

KOSTE		2018		2017
		TOTALE BEDRAG	EENHEIDS- KOSTE	EENHEIDS- KOSTE
Direkte materiaal	Veranderlik	75 600	R180	R148
Direkte arbeid		105 840	R252	R244
Verkoop en verspreiding		60 900	R145	R136
TOTALE VERANDERLIKE KOSTE		242 340	R577	
Fabrieksbokoste	Vas	67 200	R160	R156
Administrasie		51 660	R123	R127

B. Addisionele Inligting:

	2018	2017
Totale verkope	R382 200	R475 200
Verkoopprijs per eenheid	R910	R880
Eenhede vervaardig en verkoop	420 eenhede	540 eenhede
Gelykbreekpunt	?	435 eenhede

VRAAG 2: BTW EN KREDITEUREVERSOENING**(35 punte, 20 minute)****2.1 BTW**

Samson Handelaars is vir BTW geregistreer. Die BTW-koers is 15%.

GEVRA:

2.1.1 Bereken die syfers deur **(a)** tot **(d)** in die tabel hieronder aangedui. (10)

2.1.2 Jy is die interne ouditeur. Die alleeneienaar, Samson, het 'n besigheidstjek gebruik om 'n nuwe motor vir R460 000, BTW ingesluit, te koop. Hierdie motor word vir sy vrou se gebruik tuis gehou. Samson sê die voertuig moet as 'n besigheidsbate geboekstaaf word en R60 000 moet as 'n BTW-inset in die onderneming se boeke geboekstaaf word.

Verduidelik wat jy aan Samson sal sê. Verskaf TWEE punte. (4)

INLIGTING:

	BTW UITGESLUIT	BTW- BEDRAG	BTW INGESLUIT
Terugsendings van verkope	960	(a)	1 104
Aankoop van voorraad	52 600	(b)	
Korting ontvang	(c)	720	
Kontantverkope		(d)	112 470*

* Dit sluit nulkoersgoedere in wat vir R5 500 verkoop moes gewees het. Die boekhouer het foutiewelik BTW van R825 op hierdie goedere ingesluit. Dit moet reggestel word.

2.2 KREDITEUREVERSOENING

Claire Handelaars koop goedere op krediet by Mariti Verskaffers.

GEVRA:

2.2.1 Gebruik die tabel wat verskaf is om die veranderinge aan te dui in die:

- Krediteuregrootboekrekening in die boeke van Claire Handelaars
- Krediteureversoeningstaat op 31 Julie 2018

(13)

2.2.2 Die interne ouditeur dring daarop aan dat direkte betalings (EFO's) gebruik moet word om verskaffers te betaal. Verduidelik:

- EEN rede om sy besluit te ondersteun (2)
- EEN interne prosedure om beheer oor hierdie stelsel te verseker (2)

2.2.3 Verwys na Faktuur 301. Daar word ontdek dat die winkelbestuurder, Vernon, 'n fiktiewe bestelvorm geteken het en die goedere by ontvangs daarvan vir homself geneem het. Behalwe om Vernon te ontslaan, verskaf:

- EEN voorstel om teen hom op te tree
 - EEN voorstel om hierdie probleem in die toekoms te voorkom
- (4)

INLIGTING:**A. Krediteuregrootboek van Claire Handelaars**

MARITI VERSKAFFERS (KG5)						
				DEBIET	KREDIET	SALDO
2018	1	Saldo	a/b			67 500
Julie	10	Faktuur 209			81 000	
		EFO		33 750		
	17	Debietnota 674		8 640		
		Faktuur 282			40 950	
		Faktuur 301			25 000	
	21	Faktuur 360			50 250	
	24	Debietnota 995			8 100	
	27	Joernaalbewys 570		5 400		
	31	Tjek en korting		77 190		147 820

B. Rekeningstaat van Mariti Verskaffers

MARITI VERSKAFFERS					
Claire Handelaars			25 Julie 2018		
Krugerweg 108					
			DEBIET	KREDIET	SALDO
2018	1	Saldo			67 500
Julie	10	Faktuur 209	81 000		
		Kwitansie 695		33 750	
	17	Kredietnota 741		6 840	
		Faktuur 301	25 000		
	21	Faktuur 360	20 250		
	24	Kredietnota 811		8 100	145 060

C. Verskille genoteer:

- Die foutiewe inskrywing vir Debietnota 674 in die Krediteuregrootboekrekening van Mariti Verskaffers het betrekking op die korrekte Kredietnota 741 op die rekeningstaat.
- Faktuur 282 is foutief in die rekening van Mariti Verskaffers in die Krediteuregrootboek getoon. Die goedere is van Genesis Verskaffers aangekoop.
- Faktuur 360 is foutief op die rekeningstaat van Mariti Verskaffers aangeteken.
- Mariti Verskaffers het ook goedere op krediet by Claire Handelaars aangekoop. Claire Handelaars het 'n debietsaldo van die Debiteuregrootboek oorgedra (Joernaalbewys 570). Mariti Verskaffers sal dit op die volgende staat verreken.
- Die transaksie op 24 Julie 2018 is vir goedere wat deur Mariti Verskaffers teruggestuur is.
- Die rekeningstaat toon transaksies tot en met 25 Julie 2018.

VRAAG 3: FINANSIËLE STATE EN OUDITVERSLAG**(75 punte; 45 minute)**

- 3.1 Dui aan waar ELK van die volgende items in die finansiële state geplaas sal word deur 'n term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

 niebedryfsbates; bedryfsbates; ekwiteit;
 bedryfsuitgawes; bedryfsinkomste

- 3.1.1 Handels- en ander ontvangbare bedrae
- 3.1.2 Aansuiwerings van voorsiening vir oninbare skulde (vermindering)
- 3.1.3 Vaste deposito wat oor drie jaar verval
- 3.1.4 Handelsvoorraadtekort (4)

3.2 **TEMBISO BPK.**

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2018.

GEVRA:

Voltooi die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018:

- 3.2.1 Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) (28)
- 3.2.2 Notas tot die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) vir:
- Gewone aandeelkapitaal (7)
 - Behoue inkomste (7)
- 3.2.3 Ekwiteit en Laste-afdeling van die Balansstaat (16)

INLIGTING:**A. Saldo's/Totale op 28 Februarie:**

	2018	2017
Gewone aandeelkapitaal	8 816 000	6 976 000
Behoue inkomste	384 600	376 600
Lening: LSO Bank	?	1 725 500
Handelskrediteure	414 120	
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	341 800	
Verkope	?	
Koste van verkope	4 856 000	
Totale bedryfsinkomste	879 440	
Salarisse en lone	501 200	
Ouditfooie	65 400	
Huuruitgawe	79 240	
Direkteursfooie	497 800	
Diverse uitgawes	91 680	
Rente op vaste deposito	?	
Rente op lening	242 500	

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:**(a) Verkoop van goedere:**

Die maatskappy handhaaf 'n winsopslag van 40% op kosprys. Let daarop dat ou goedere wat R96 000 gekos het (by koste van verkope ingesluit), teen 10% onder kosprys verkoop is.

(b) Ouditfooie:

75% van die jaarlikse fooie is betaal.

(c) Direkteursfooie:

Die maatskappy het drie direkteure wat dieselfde fooi verdien. Een direkteur is twee maande vooruit betaal.

(d) Verhuring:

'n Stoorkamer is vanaf 1 Junie 2017 teen R11 200 per maand verhuur. Huur het op 1 Desember 2017 met 7,5% verhoog. Maak voorsiening vir uitstaande huur.

(e) Lening: LSO Bank

- Vaste maandelikse terugbetalings, rente ingesluit, is R31 600.
- Gekapitaliseerde rente vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 het R242 500 beloop.
- Rente vir die volgende finansiële jaar sal na verwagting R162 000 wees.
- 'n Gedeelte van die lening sal binne die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

(f) Inkomstebelasting vir 2018:

- R31 300 is nog aan SAID verskuldig.
- Die korrekte netto wins na belasting is R959 400.

(g) Aandelekapitaal en dividende:

Gemagtigde aandelekapitaal: 1 600 000 gewone aandele

1 Maart 2017	80% van die aandele is reeds uitgereik.
1 Mei 2017	300 000 aandele is teen R465 000 meer as die gemiddelde aandeleprys teruggekoop.
31 Augustus 2017	Interim/Tussentydse dividende betaal: 30 sent per aandeel.
31 Oktober 2017	Addisionele aandele is uitgereik.
28 Februarie 2018	Finale dividende is verklaar.

3.3 OUDITVERSLAG

Uittreksels uit die ouditverslag van Tembiso Bpk. word verskaf.

INLIGTING:

Aan Aandeelhouders

Ons het die finansiële state, wat op bladsye 8 tot 52 uiteengesit is, geoudit ...

Mening

Punt 1 Na ons mening is die finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesentlike opsigte, van die finansiële posisie van die maatskappy soos op 28 Februarie 2018 ...

Punt 2 ... volgens Internasionale Finansiële Verslagdoening-standaarde ('IFRS') en die vereistes van die Maatskappywet (Wet 71 van 2008) van Suid Afrika.

Basis vir Mening

Punt 3 Ons is onafhanklik van die maatskappy ...

Punt 4 Ons het aan ons etiese verantwoordelikhede voldoen wat met internasionale standaarde in ooreenstemming is ...

Punt 5 ... en die ouditbewyse verkry, is voldoende en geskik om 'n basis vir ons mening te verskaf.

GEVRA:

3.3.1 Verwys na punte 1 tot 3.

Waarom het die ouditeure besluit om hierdie punte te noem? Gee EEN verduideliking vir ELKE punt.

(5)

3.3.2 Verwys na punte 4 en 5.

Verduidelik TWEE voorbeelde van:

- Etiese verantwoordelikhede
- Ouditbewyse

(8)

**HOU HIERDIE BLADSY
BLANKO.**

VRAAG 4: KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING (70 punte; 40 minute)

Jy word voorsien van inligting oor Vooma Beperk vir die afgelope twee finansiële jare geëindig 30 Junie. Die maatskappy is in KZN geleë en dryf handel met resiesfietse.

GEVRA:

LET WEL: Verskaf syfers of finansiële aanwysers (verhoudings of persentasies) en vergelykings met die vorige jaar om kommentaar of verduidelikings te ondersteun.

4.1 Bereken die volgende vir 2018:

4.1.1 % bedryfsuitgawes op verkope (2)

4.1.2 Vuurproefverhouding (4)

4.1.3 % opbrengs op aandeelhoudersbelang (4)

4.2 Bereken die volgende syfers wat in die 2018 Kontantvloeistaat sal verskyn:

4.2.1 Verandering in beleggings (2)

4.2.2 Inkomstebelasting betaal (4)

4.2.3 Vaste bates verkoop (teen drawaarde) (5)

4.3 Kontantvloei en finansiële aktiwiteite:

4.3.1 Verduidelik waarom die direkteure met die verbetering in kontant en kontantekwivalente sedert 1 Julie 2016 tevrede is. (3)

4.3.2 Besluite en hefboomfinansiering in 2018:

- Identifiseer DRIE besluite wat die direkteure geneem het om vir grond en geboue te betaal. (6)
- Verduidelik hoe hierdie besluite 'n invloed gehad het op:
 - Kapitaal aangewend
 - Finansiële hefboom (Haal TWEE aanwysers aan.) (6)

4.3.3 Uit die Kontantvloeistaat hierbo, identifiseer EEN besluit wat die direkteure in 2017 geneem het wat hulle NIE in 2018 geneem het NIE, behalwe die punte hierbo. Gee 'n moontlike rede vir die besluit in 2017. (3)

4.4 Dividende, opbrengste en aandeelhouding vir die 2018 finansiële jaar:

- 800 000 aandele is reeds op 1 Julie 2017 uitgereik.
- Interim dividende is op 31 Desember 2017 betaal.
- 200 000 aandele is op 1 Januarie 2018 aan bestaande aandeelhouders uitgereik.
- Finale dividende van 75 sent per aandeel is op 30 Junie 2018 op alle aandele verklaar, maar is nog nie betaal nie.

4.4.1 Bereken vir die 2018 finansiële jaar:

- Totale interim dividende betaal (3)
- Interim dividende per aandeel (3)

4.4.2 Bereken totale dividende wat deur Dudu Mkhize vir die 2018 finansiële jaar verdien is. Haar aandeelhouding is:

	AANDELE GEKOOP	AANKOOPPRYS
31 Augustus 2016	380 000 aandele	R7,00
1 Januarie 2018	110 000 aandele	R20,00
TOTAAL	490 000 shares	

(5)

4.4.3 Elke aandeelhouer is op 1 Januarie 2018 twee aandele aangebied vir elke vyf aandele wat hy/sy besit. Dudu het nie genoeg aandele gekoop om die meerderheidsaandeelhouer te word nie.

Bereken die minimum getal addisionele aandele wat Dudu moes gekoop het.

(3)

4.5 Die direkteure het in 2018 besluit om grond en geboue in twee ander provinsies te koop om die probleem van lae verkope, wat hulle voorheen in KZN gehad het, op te los.

4.5.1 Verduidelik:

- Hoekom dit nodig was om eiendom in ander provinsies in plaas van in KZN aan te koop (2)
- Of die besluit om hierdie eiendomme aan te koop, die gewenste uitwerking op verkope gehad het (3)
- 'n Ander strategie wat hulle gebruik het om die probleem van lae verkope op te los (3)

4.5.2 Die HUB, Ben Palo, wil ander goeie nuus aan die aandeelhouders op die AJV oordra. Gee raad oor wat hy oor die volgende onderwerpe moet sê:

- Verdienste per aandeel (3)
- % opbrengs verdien (3)
- Aandeleprys op die JSE (3)

INLIGTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE:**A. SYFERS UIT INKOMSTESTAAT GEÏDENTIFISEER:**

	2018	2017
Verkope	R13 182 000	R7 740 000
Getal fietse verkoop	1 750 fietse	900 fietse
Winsopslag %	58%	72%
Koste van verkope	8 330 000	4 500 000
Bruto wins	4 852 000	3 240 000
Bedryfsuitgawes	1 900 000	1 500 000
Waardevermindering	412 000	275 000
Inkomstebelasting	819 000	444 000
Netto wins na belasting	1 911 000	1 036 000

B. UITTREKSEL UIT BALANSSTAAT OP 30 JUNIE:

	2018	2017
Vaste bates (drawaarde)	R12 154 000	R8 031 000
Beleggings	625 000	600 000
Bedryfsbates	2 427 000	2 090 000
Vorrade	1 652 000	1 250 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae	365 000	820 000
SAID: Inkomstebelasting	0	15 000
Kontant en kontantekwivalente	410 000	5 000
Aandeelhoudersbelang	12 112 000	7 191 000
Niebedryfslaste (Lening)	1 850 000	2 600 000
Bedryfslaste	1 244 000	930 000
Handels- en ander betaalbare bedrae	420 000	515 000
Aandeelhouders vir dividende	750 000	280 000
SAID: Inkomstebelasting	74 000	0
Oortrokke bankrekening	0	135 000

VRAAG 5: VOORRAADWAARDASIE EN VASTE BATES (45 punte; 30 minute)

- 5.1 Kies 'n metode in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Aanvaar dat voorraad in datumvolgorde soos aangekoop, verkoop word.	A	reguitlynmetode
		B	geweegdegemiddelde-metode
5.1.2	'n Unieke waarde word aan elke voorraaditem toegeken.	C	eerste-in-eerste-uit-metode
		D	verminderdesaldo-metode
5.1.3	Waardevermindering is konstant oor die bruikbare lewe van die vaste bate.	E	spesifieke identifikasiet metode
5.1.4	Waardevermindering word op die drawaarde van die vaste bate bereken.		

(4 x 1)

(4)

(Sien VRAAG 5.2 op die volgende bladsy.)

5.2 PACKER TASWINKEL

Charles Packer verkoop reistasse. Die jaareinde is 30 Junie 2018.

GEVRA:

- 5.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Junie 2018 met gebruik van die eerste-in-eerste-uit(EIEU)-metode. (5)
- 5.2.2 Charles vermoed dat tasse gesteel is. Verskaf 'n berekening om sy bekommernis te staaf. (5)
- 5.2.3 Charles is bekommerd oor die hoeveelheid voorraad voorhande.
- Bereken vir hoe lank sy eindvoorraad na verwagting sal hou. (6)
 - Noem EEN probleem met te veel voorraad voorhande en EEN probleem met onvoldoende voorraad voorhande. (4)

INLIGTING:

- **Voorraadsaldo's:**

	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL
Beginvoorraad	420	R2 175	R913 500
Eindvoorraad	496		?

- **Aankope, terugsendings en vraggeld:**

	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL
Aankope	3 155		R8 460 850
September 2017	850	R2 250	R1 912 500
Desember	980	R2 670	R2 616 600
Maart 2018	875	R2 930	R2 563 750
Junie* (sien terugsendings)	450	R3 040	R1 368 000
Terugsendings * (uit Junie-aankope)	25	R3 040	R76 000

- **Verkope:** 3 050 reistasse is teen R4 200 elk verkoop.

5.3 **MINDEW BEPERK**

Die finansiële jaareinde is 31 Mei 2018.

GEVRA:

5.3.1 Bereken die ontbrekende syfers wat deur **(i)** tot **(v)** in die tabel hieronder aangedui is. (17)

5.3.2 Verduidelik hoe die interne ouditeur moet kontroleer dat roerende vaste bates nie gesteel is nie. (2)

5.3.3 Grond en geboue is vyf jaar gelede vir R6 m. aangekoop. Eiendomspryse het sedertdien met 20% gestyg. Die direkteur wil die waarde van hierdie bate verhoog en 'n wins van R1 200 000 in die finansiële state toon.

As 'n onafhanklike ouditeur, watter raad sou jy gee? Verskaf EEN punt. (2)

INLIGTING VIR JAAREINDE 31 MEI 2018:

A.	VASTE BATES	GROND EN GEBOU	REKENAARS	TOERUSTING	VOERTUIG
	Drawaarde: Begin	6 000 000	13 000	1 027 500	1 300 000
	Kosprys	6 000 000	108 000	1 250 000	2 100 000
	Opgehoopte waardevermindering	-	(95 000)	(222 500)	(800 000)
	Bewegings				
	Toevoegings	(i)	0	172 500	0
	Verkope	0	0	0	(iv)
	Waardevermindering	0	(ii)	(iii)	(256 000)
	Drawaarde: Einde				
	Kosprys				
	Opgehoopte waardevermindering				(v)

B. Grond en geboue:

Grant Konstruksies is R882 000 vir die bou van nuwe kantore (R610 000) en die herstel van vensters (R272 000) betaal.

C. Rekenaars:

- Die drie rekenaars is almal op dieselfde dag teen R36 000 elk aangekoop.
- Waardevermindering is $33\frac{1}{3}\%$ op kosprys.
- Daar word verwag dat hierdie rekenaars nog twee jaar sal hou.

D. Toerusting:

- Addisionele toerusting is op 1 Februarie 2018 aangekoop.
- Waardevermindering is 10% p.j. op kosprys.

E. Voertuie:

- Waardevermindering is 20% p.j. op drawaarde.
- 'n Voertuig is op 31 Desember 2017 vir kontant teen drawaarde verkoop. Die Vaste Bateregister het die volgende getoon:

Kosprys	R176 000
Opgehoopte waardevermindering (1 Junie 2017)	R128 000

VRAAG 6: KONTANTBEGROTINGS**(35 punte; 20 minute)**

Donald May besit Breezy Handelaars wat lugversorgereenhede verkoop. Die begrotingstydperk eindig op 31 Oktober 2018.

GEVRA:

- 6.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedge vir Oktober 2018. (7)
- 6.2 Bereken die bedrae wat deur (i) tot (iii) in die uittreksel van die Kontantbegroting aangedui is. (9)
- 6.3 Bereken die % verhoging van verkoopsassistent se salaris vir Oktober 2018. Verduidelik of hulle met hierdie verhoging tevrede behoort te wees. (5)
- 6.4 **Verwys na Inligting E.**
- 'n Nuwe mededinger het gedurende September 2018 na die omgewing toe getrek. Donald was nie bewus van die mededinger nie en het nie gedurende September opgetree nie.
- 6.4.1 Verduidelik die uitwerking van die nuwe mededinger op enige TWEE items in die begroting vir September. Verskaf syfers. (4)
- 6.4.2 Identifiseer TWEE veranderinge wat Donald in Oktober in reaksie op die nuwe mededinger geïmplementeer het. Haal syfers aan. Gee EEN rede vir ELKE verandering. (6)
- 6.4.3 Verduidelik waarom Donald voel dat sy besluite suksesvol was. Verskaf TWEE punte (met syfers). (4)

INLIGTING:

- A. Kontantverkope maak 60% van totale verkope uit. Winsopslag is 75% op kosprys.
- B. Debiteure betaal soos volg:
- 20% in die maand van verkope en ontvang 5% korting
 - 55% in die maand wat op die maand van verkope volg
 - 22% twee maande na die maand van verkope
- C. Voorraad wat verkoop is, word in die maand van verkope vervang. 50% van aankope is op krediet. Krediteure word betaal in die maand wat op die maand van aankope volg.

D. Uittreksel uit Kontantbegroting

	SEPTEMBER	OKTOBER
ONTVANGSTE		
Kontantverkope	(i)	630 000
Kontant van debiteure	369 340	?
Huurinkomste*	25 600	(ii)
BETALINGS		
Betalings aan krediteure	276 000	(iii)
Salarisse: Bestuurder	32 400	40 500
Salarisse: Verkoopsassistent	92 400	102 102

***LET WEL:** Huurinkomste sal in Oktober 2018 met 9% verhoog.

E. BEGROTE EN WERKLIKE SYFERS VIR SEPTEMBER EN OKTOBER

	SEPTEMBER		OKTOBER	
	BEGROTE	WERKLIKE	BEGROTE	WERKLIKE
Eenhede te koop/ verkoop	240	200	250	300
Verkoopprijs per eenheid	R4 200	R4 200	R4 200	R4 200
Kontantverkope	?	336 000	630 000	378 000
Kredietverkope	403 200	504 000	420 000	882 000
Totale verkope	1 008 000	840 000	1 050 000	1 260 000
Kontantaankope	?	?	300 000	252 000
Advertensies	10 000	10 000	10 000	10 000
Afleweringskoste	80 000	67 200	80 000	138 240
Kommissie op verkope	30 240	25 200	31 520	46 080
Kontantsurplus/-tekort	63 000	22 500	86 500	(12 700)
Kontant: Begin	98 000	98 000	161 000	120 500
Kontant: Einde	161 000	120 500	247 500	107 800